# GPU “Sprint Racing” Series 2018

1. Die “Sprint Racing” Series sal oor die eerste 12 weke van die wedvlugseisoen strek en sal uit twaalf wedvlugte bestaan.
2. Wedvulg punte is as volg:
   - Week 1 tot 4 - Winburg
   - Week 5 tot 8 - Verkeerde Vlei
   - Week 9 tot 12 - Bloemfontein
3. Beperking van 15 duiwe per span
4. Die “Sprint Racing” Series sal ‘n OPE Reeks wees, bedoelende J/O en OU duiwe kan ingeskryf word.
5. “Cocks” en Henne sal deurmekaar gemandjie word om meer mandjies beskikbaar te stel.
6. Die “Sprint Racing” Series sal ‘n amptelike reeks in die GPU wees.
7. Om deel te kan neem, moet deelnemer ‘n J/O en ‘n OPE span in die GPU vlieg.
8. “Sprint Racing” Series sal ook op Donderdae ingekorf word, vir loslating Vrydae oggende.
9. Die onderste twee tot drie rye mandjies sal op die trok en trailor ge-allokeer word vir die Sprint Racing Series. Deure van die mandjies sal ‘n spesifieke kleur geverf word om Sprint Racing mandjies te identifiseer om enige verwarring te voorkom.
10. Trok ry Donderdae aande tot by bogenoemde wedvlug punte. Vrydae oggende sal die duiwe eers van water voorsien word, waarna loslating sal plaasvind.
11. Al twaalf wedvlugte sal voor 09:00vm losgelaat word, “weather permiting” Sou weersomstandighede dit nie toe laat nie, sal unie bestuur in die duiwe se belang, besluite neem.
12. Sms sal aan al die GPU lede gestuur word om loslating te bevestig.
13. Daar sal ±40 mandjies beskikbaar wees.
14. Koste vir Sprint Racing Series sal R1500.00 perspan wees. Met ‘n opsionele skema van R500.00 per span.
15. ‘n “Non-refundable” deposito van R500.00 is betaalbaar saam die GPU deposito in die begin van die seisoen. Restant van R1000.00 betaalbaar op die eerste aand van mandjie. Skema geld van R500.00 is betaalbaar die aand van eerste mandjie.
16. Opsionele skema sal die eerste drie plekke per wedvlug betaal, naamlik - 50%, 30%, 20%.
17. GPU lede kan meer as een span inskryf sou daar plek wees.
18. Alle mandjies wat nie deur Sprint Series opgeneem word nie, sal beskikbaar gestel word as oefen mandjies teen – R1500 vir 15 duiwe.
19. Sou GPU nie al die mandjies opneem nie, sal mandjies beskikbaar gestel word aan lede van ander organisasies vir oefen doeleindes, op voorwaarde dat daar by klubs wat aan die reeks deelneem gemandjie word.